# Plaaslike ontwerper wen gesogte kompetisie

**Rustenburg** – Hjalmar Pretorius (29), 'n plaaslike grafiese ontwerper, het vingers van goud. Alles wat hy teken, op die rekenaarskerm of met die blote hand, spreek boekdele!

Pretorius het onlangs 'n gesogte internasionale kompetisie ingepalm met sy illustrasie kuns.

In 'n onderhoud met die *Platinum Weekly* koerant, vertel Pretorius, "Ek het 'n kans gevat en aan 'n kompetisie genaamd *Verbeel dit*! aangebied deur Protea Boekhuis en drie ander internasionale uitgewers, deelgeneem."

Pretorius het die illustrasie *Vlug van die vuur* eers per hand geskets en daarna met *Photoshop* ingekleur.


"'n Vriendin van my, Christina van Deventer, het my van die kompetisie vertel." Die kompetisie het geverg dat drie illustrasies ingehandig moet word wat 'n storie vir kinders vertel. Bygaande teks het deel van die kompetisie uitgemaak.

Indien u van Pretorius se vernuf wil gebruik maak, kontak hom by 072-170 7157.

Hjalmar Pretorius, Angela Banks en Neeske Alexander is as Suid Afrika se wenkunstenaars aangewys.

'n Professionele groep beoordelaars het die drie beste inskrywings in Nederland/België, Suid-Afrika, Duitsland en die Verenigde Koninkryk gekies. Die uitslag is in Junie 2017 bekendgemaak.

Die werk van die wenkunstenaars is nou deel van 'n reisende tentoonstelling in die deelnemende lande. Pretorius se illustrasies is in 'n internasionale katalogus gepubliseer en voorgestel aan talle van die bekendste internasionale kinderboekuitgewers, onder andere by die Bologna Kinderboekebeurs in 2018 – 'n uitstekende geleentheid vir kunstenaars om internasionale blootstelling te kry.



*Vlug van die vuur.*





